# TREINRIT 2024

| ROETE: | Kaapstad na Kalkbaai en terug | DATUM: | 7 Desember 2024 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Altesaam nege van ons het vroegoggend op die Kaapse stasie bymekaar gekom – heel opgewonde om weer 'n slag trein te ry. Ons plan van aksie: Ry met die blou Metrorail-trein Kalkbaai toe (R9 per persoon), verken die wêreld daar, en kom weer terug (R5.50 per persoon). 'n Hele klompie van ons was in ons studentejare laas op die Kaapse stasie. Die rit tussen Kaapstad en Kalkbaai neem net meer as 1 uur. Ons het die 08:00 trein soontoe geneem, sowat 3 uur tyd gehad om die inheemse en boheemse winkeltjies in Kalkbaai te verken (mens moet van alles weet in die lewe) en iets te eet, en toe die 12:19 trein teruggeneem. Ons het almal saamgestem – dit was die beste R14.50 (treinkaartjie) wat ons in 'n lang tyd uitgegee het. Inside Guide sê die volgende oor Kalkbaai: “It was named one of The 12 Coolest Neighbourhoods Around The World by Forbes magazine, among international hotspots like Barcelona’s Sants, Washington’s Navy Yard and Amsterdam’s Noord, and outranking London’s Soho and New York’s Greenpoint in the process. After one visit to the quirky seaside village of Kalk Bay, it’s easy to understand why.” Mens sou ook by St James kon afklim, in die getypoel swem en Kalkbaai toe stap. Of op 'n warm dag in die getypoel by die Brass Bell swem – daar is baie opsies. Dit is 'n toer wat ons in die toekoms kan herhaal. (Die meeste van ons het in die Strandstraat-parkade geparkeer. Dit was duur, maar dan weet mens ten minste jou motor is veilig.) Baie dankie aan Amanda Matthee vir die reëlings. Klimhoogte: 3 m.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Amanda Matthee | 045/2025 | R 5 | 2 | |
| Beulagh Keulder | 051/2025 | R 5 | 2 | |
| Estelle Zietsman | 048/2025 | R 5 | 2 | |
| Santie Kies | 102/2025 | R 5 | 2 | |
| Lodi van Deventer | Besoeker | R 10 | 2 | |
| Joyce van Deventer | Besoeker | R 10 | 2 | |
| Magda le Roux | 124/2024 | R 5 | 2 | |
| Susan Pienaar | 086/2025 | R 5 | 2 | |
| Danie Pienaar | 085/2025 | R 5 | 2 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 55** | **18** | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | NVT |
|---|---|
| **ITEMS GEBRUIK:** | |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Amanda Matthee |
|---|---|